SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
KwaZulu-Natal Kantoor / KwaZulu-Natal Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 031-312 8835 / 3839 🖷 031 – 312 2080 ✉ saoukzn@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

-INSIG 1 van 2016-

Baie welkom terug!

Dit is aangenaam om SAOU-lede namens die PUR van SAOU (KZN), terug te verwelkom by elkeen se onderskeie werksplek.

Die vertroue word uitgespreek dat u elkeen heerlik gerus het en dat u vol energie en sprankel is om die jaar ***2016*** en die uitdagings wat dit gaan bied, aan te pak.

Die SAOU stel hom dit ten doel om die beste belang van sy lede, leerders, skole en onderwys in die breë te dien op 'n wyse wat sal getuig van politieke neutraliteit en onafhanklike denke.

Lede sal deurlopend op hoogte van sake gehou word.

Lede word ook uitgenooi om te eniger tyd met die SAOU (KZN) se Uitvoerende Sentrum in verbinding te tree indien daar probleme is wat aangespreek moet word.

Nuus uit die SAOU (KZN) Uitvoerende Sentrum:

Mnr. Reniël Lodewyk sal die SAOU (KZN) kantoor eersdaags verlaat om hom aan te sluit by die SAOU Vrystaat se kantoor. Hy is aangestel as die nuwe Provinsiale Sekretaris van SAOU Vrystaat en sal sy take vanaf 1 Februarie 2016 daar opneem.

Mej. Leann Roos (huidige Ass. Provinsiale Sekretaris van die Wes-Kaap) sal in die pos as Provinsiale Sekretaris KZN waarneem totdat die pos permanent gevul sal word.

Die SAOU Nasionale Kantoor sal eersdaags die pos van Provinsiale Sekretaris (KZN) adverteer en alle persone wat moontlik mag kwalifiseer word aangemoedig om vir die pos aansoek te doen.

Die nuwe Provinsiale Sekretaris sal sy / haar take vanaf 1 Maart 2016 in die SAOU (KZN) Uitvoerende Sentrum opneem.

SAOU Toepassing:

Het u al die SAOU Toepassing (App) op u foon, tablet of rekenaar gestoor? U kan die SAOU se webwerf besoek om die maklike en eenvoudige aflaai instruksies daar te bekom! ***Raak deel van SAOU se opwindende kuberruimte!***

Hoogste Ledetal in Geskiedenis!

Dit is aangenaam om u in kennis te stel dat SAOU (KZN) weer sy hoogste syfer van betaalde lede bereik het gedurende November 2015, naamlik ***1 592 lede***. Ons is baie trots op die prestasie en moedig u aan om ons te help om die jaar van krag tot krag te groei!

Lede aangeleenthede:

Ons wil alle BL-lede vriendelik versoek om SAOU (KZN) asseblief skriftelik in kennis te stel indien u van pos verander het en nou 'n Departementele pos beklee.

Indien BL-lede uit diens tree, moet u ons ook asseblief skriftelik in kennis stel sodat die debietorder vir die ledegeld gekanseleer kan word.

SAOU POD, Regsdienste en Algemene Opleiding vir 2016:

Dit is van kardinale belang dat alle SAOU lede sal bewus wees van opledingsgeleenthede wat gedurende 2016 in KZN sal plaasvind. Ten opsigte van die CPTD sisteem sal dit van alle opvoeders verwag word om in die toekoms talle opleidingsgeleenthede by te woon om genoegsame punte op te bou. Hierby ingesluit 'n tentatiewe lys van opleidings-programme wat beplan word vir die ***Eerste kwartaal van 2016***:

A. Moets en moenies: Progressie, Promosie en Kondonering – SAOU POD:

Pietermaritzburg	15 Februarie 2016
Newcastle	16 Februarie 2016
Dundee	17 Februarie 2016
Empangeni	18 Februarie 2016

B. Oorgang van Gr 3 na Gr 4 - Opleiding - KENNISBOU 3 – SAOU POD:

Durban	7 Maart 2016
Richardsbaai	8 Maart 2016
Dundee	9 Maart 2016

EG. Jansen Redenaarskompetisie:

Hierby weereens die drie afdelings van die EG Jansen Redenaarskompetisie van 2016:

Onderwerpe:

Hoërskool Senior Afdeling (Gr. 10 – 12) ***"#fooiemoetval??"***

Hoërskool Junior Afdeling (Gr. 8 – 9) ***"Afrikaans – is die skrif aan die muur?"***

Primêre Skool Afdeling: (Gr. 5 – 7) ***"Skooluniforms beperk leerders se kreatiwiteit"***

Uitdunrondtes: Dinsdag, 1 Maart 2016; Woensdag, 2 Maart 2016; Donderdag, 3 Maart 2016.

Venues sal aangekondig word nadat die inskrywings ontvang is. Skole is welkom om voorkeurdatums aan te dui.

Finale rondte in al drie afdelings: ***Donderdag, 10 Maart 2016 in Durban.***

Inskrywings: Slegs ***EEN*** span per skool kan ingeskryf word in elke afdeling. Die inskrywingsfooi is ***R100,00 per "span"*** wat inskryf.

Die sluitingsdatum: Voor of op Vrydag, ***5 Februarie 2016***

Inskrywingsvorm: Die inskrywingsvorm is reeds op 3 Desember 2015 aan alle lede beskikbaar gestel, maar indien u dit nie ontvang het nie, kan u gerus kontak maak met SAOU (KZN) se Uitvoerende Sentrum vir verdere hulp.

Bly Ingelig!

Besoek SAOU se webwerf **(www.saou.co.za)** gereeld sodat u op hoogte kan bly van onderwyssake. Maak ook gerus gebruik van die hulpsentrum se nommer (**086 072 6843**).

SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
KwaZulu-Natal Kantoor / KwaZulu-Natal Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

☎ 031-312 8835 / 38 🖷 39 031 – 312 2080 ✉ saoukzn@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za

-INSIGHT 1 of 2016-

WELCOME BACK!

We take pleasure, on behalf of the PEC of SAOU (KZN), in welcoming members of the SAOU back at their respective work places.

We trust that you were able to rest and enjoy the company of loved ones and that you returned to your place of work full of energy and motivation.

We will endeavour to serve our members, learners, schools and education in general, to the best of our ability. Furthermore, we record that such actions will testify of our political independence.

Members will be kept abreast of unfolding developments.

Members are invited to contact our SAOU (KZN) Executive Office should problems arise that needs to be addressed.

News from the SAOU (KZN) Executive Centre:

Mr. Reniël Lodewyk will soon be leaving the SAOU (KZN) office to join the SAOU Free State's office. He was appointed as the new Provincial Secretary of SAOU Free State and will take up this position as from February 1, 2016.

Ms. Leann Roos (current Ass. Provincial Secretary of the Western Cape) will be the acting Provincial Secretary of KZN until this post will be permanently filled.

The SAOU National Office will soon advertise the vacant position of the Provincial Secretary (KZN) and all persons that qualify are encouraged to apply for this post.

The new Provincial Secretary will commence his or her duties as of March 1, 2016 in the SAOU (KZN) Executive Centre.

SAOU Application:

Have you downloaded the SAOU Application on your phone, tablet or computer? You can visit SAOU's website to follow these easy and simple instructions! ***Become part of SAOU's exciting cyberspace!***

Highest number of Members in history!

It is a great pleasure to inform you that SAOU (KZN) reached a new high of ***1 592*** members during November 2015. We are very proud of this achievement and encourage you to help us to grow from strength to strength this year!

Members matters:

We request all SGB members of SAOU (KZN) to inform us in writing if your job status has changed and that you are now appointed in a Departmental post.

If any SGB members resigns, please notify us in writing so that the debit order for your membership can be cancelled.

SAOU PDS (Professional Development Services), Legal Services and SAOU General Training for 2016:

It is crucial that all members of SAOU will be aware of training events which will take place in KZN during 2016. With reference to the CPTD system, all educators will be expected to attend numerous training opportunities in the future to accumulate points. Herewith a tentative list of training programs scheduled for the first term of 2016:

C. Do's and don'ts: Progression, Promotion and Condonation - SAOU PDS:

Pietermaritzburg	15 February 2016
Newcastle	16 February 2016
Dundee	17 February 2016
Empangeni	18 February 2016

D. Transition from Grade 3 to Grade 4 - Training – KNOWLEDGE BUILDING 3 - SAOU PDS:

Durban	7 March 2016
Richardsbaai	8 March 2016
Dundee	9 March 2016

Be Informed!

Visit the website of SAOU (www.saou.co.za) frequently in order to stay informed of educational matters. Make use of the call centre when you need information **(086 072 6843)**.